

Preekskets: Matteus 10:16-25

Jesus draai nie doekies om met elkeen van ons vanmôre nie. As Hy ons uitstuur om dissipels te maak, sit Hy alles op die tafel: ¹⁶*“Onthou: Ek stuur julle soos skape tussen wolwe in.”*

In Mat. 10:1-15 stuur Jesus sy twaalf dissipels uit om aan die Jode presies dieselfde boodskap as syne te gaan verkondig: *“Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie”* (Mrk. 1:15). Alhoewel Jesus hierdie woorde aan sy 12 dissipels gegee het, het Hy verder die toekoms in gekyk en het Hy alreeds elke navolger van Hom oor al die eeue in gedagte gehad. Hoor as Jesus ons na die werklikheid van dissipelskap terug ruk met die woorde **“ONTHOU: EK STUUR JULLE SOOS SKAPE TUSSEN WOLWE IN.”**

Kan Jesus dit enigsins nog duideliker gestel het? Stel jouself voor 'n skaap tussen 'n trop wolwe. Een wolf tussen 'n trop skape voorspel moeilikheid, groot moeilikheid. 'n Skaap tussen 'n klomp wolwe? Jy't letterlik nie 'n kat se kans op jou eie nie. Sonder ons Herder, Jesus Christus, en sonder die Trooster, God die Heilige Gees, staan nie een van ons 'n skaap se kans tussen 'n trop wolwe om te oorleef nie.

Jesus bedoel nie hier dat 'n wolf is elkeen wat 'n anderste opinie as jy oor een of ander saak het, of dalk een ietsie op 'n ander manier doen as jy nie. **WOLWE**, jaag die trop uitmekaar (Hand.20:28); hulle staan die waarheid van die Woord tee omdat hulleself eintlik in die geloof 'n mislukking is (2 Tim. 3:8).

Moet ook nie dink dat wolwe maklik is om raak te sien nie. As Jesus vir ons leer waar ons die wolwe gaan kry, begin Hy by die *“geregshowe... die goewerneurs en konings”*. In ons eie land begin ons wette en die mening van die gemiddelde Suid-Afrikaner, al hoe meer die vyand van die waarheid van die Bybel word.

As Jesus ook sê: *“in hulle sinagoges sal hulle julle gesel”*, wys Hy ons op die giftige adder binne die kerk. Hartelose godsdientiges binne die gemeente haat Geesvervulde navolgers van Jesus, want hulle getuienis maak hulle gemakstoele ongemaklik. Dit spreek hulle gewete aan en roep hulle tot bekering... en dit wil hulle nie hê nie. **NIKS IS SO DODELIKE VIR DIE WAARHEID VAN DIE EVANGELIE AS DIE GODSDIENSTIGE ADDER IN ONS EIE MIDDE NIE.**

Jesus trek die kring nog kleiner: *“Die een broer sal die ander uitlewer om doodgemaak te word, en selfs ’n pa sy kind; kinders sal teen hulle ouers in opstand kom en hulle doodmaak.”* Dis hier waar dissipelskap op sy seerste maak. Die moeilikste keuse wat elke navolger van Jesus moet maak, is die keuse tussen my geliefdes en vriende...

Jesus se opdrag is baie duidelik: “... maak die mense my dissipels” Mat. 28:19. So duidelik as wat sy opdrag is, net so duidelik is Hy ook oor wat hierdie opdrag vir ons gaan inhou: “Onthou: Ek stuur julle soos skape tussen wolwe in.”

SIEN JY KANS HIERVOOR?

In eie krag gaan dit ’n onmoontlike taak wees. Maar in Christus en deur sy Gees... waar ek biddend die Bybel as my enigste rigsnoer gebruik... kan ek midde al die gevare, belediging, verwerping en bespotting, vrede vind in my Here en Koning.

VIR VERDERE OORDENKING BY ONTDEKSGROEPE

1. Lees weer Mat. 10:16 en oordink die hele gedagte van ’n skaap tussen ’n trop wolwe. Wat leer ons uit hierdie beeld in verband met dissipelskap?
2. Jesus leer dat ons op veral drie terreine aangeval gaan word:
 - a. Owerheid en samelewing: Lees Hand. 4:18-20 en bespreek die gesindheid van Jesus se navolgers teenoor die owerheid en die samelewing.
 - b. Godsdienstiges binne die kerk: Lees Mat. 23:27-28 en bespreek Jesus se gesindheid teenoor “godsdienstiges”.
 - c. Die mense naaste aan jou: Lees Luk. 18:28-30 en bespreek watter verhouding vir jou die belangrikste in jou lewe is.
3. Watter troos hou ons Here, Jesus Christus, se belofte vir ons in, in Mat. 28:20?